

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Oktober 2009 **Nommer 82**

INHOUDS OPGAWE

Brood en geloof ...1

Woord en wandel ...3

**Belofte en eis van die
doop** ...7

**Melk, vaste spys of kos
vir teoloë?** ...8

**Dietrich Bonhoeffer: die
navolging van Christus** ...11

**Hervormings in
Jerusalem (Nehemia 13)** ...14

Brood en geloof

E Viljoen

Wie se brood jy eet...

Brood uitdeel is nie sommer iets niksseggens nie. Hy wat brood uitdeel, het die hart van die volk. Deur die eeue het politici dit tot hul voordeel gebruik. Hy wat (kan) brood uitdeel doen dit as 'n eg koninklike gebaar. Toe ons Here Jesus met sy broodwonder 'n skare van duisende met oorfloed voorsien het, was hulle onmiddellike reaksie: "Jesus moet ons nuwe koning wees!" Selfs wanneer Jesus die mense probeer afskud, volg hulle Hom in bootjies na die oorkant van die meer. Met alle mag en mening moet die Een wat brood uitdeel ons koning wees!

Met die nageslag van Jakob in Egipte en in die woestyn was dit nie anders nie. Die een wat brood uitdeel, swaai die septer. In Egipte is brood uitgedeel. Maak geen fout nie. Selfs vleis en allerlei lekkernye. Die omstandighede was wel haglik: Geen tot weinig vryheid, geen tye vir feeste nie, hulle status was die van slawe, die werk was sonder ophou deel van hul lewe en veral geen eredienste en tyd vir ontmoeting met die Here nie. Maar die versorging was tog daar. Moet net nie vra *hoe* nie!

Daarin wou die Here verandering bring. Hy wou die een wees wat vir hulle brood uitdeel. Hy wou hulle aan Hom bind en van Hom afhanklik maak. Die volk moes uit Sý hand eet. Maar met 'n groot verskil... Hy wil hulle nie slawe maak nie. Hy wil hulle nie misbruik nie. Hy wil juis vir hulle sy seën gee. Dit vra 'n totaal nuwe lewensstyl van hulle. 'n Nuwe lewenskultuur en instelling. Hulle moes leer om vanuit geloof na hulle daaglikse brood te kyk.

Beproeving

Die reis deur die woestyn wil die Here gebruik as geleentheid vir 'n oefening in die geloof van sy kinders. Let wel, dit is nie om dowe neutte dat dit juis die woestyn is nie! 'n Mens sou met name die woestyn kon beskou as 'n godverlate plek. In elk geval nie as 'n eetplek nie. Tafels word nie in die woestyn gedek nie. Tog is dit juis hier waar die oefening in die geloof moes gebeur. Israel moes leer om die Here juis in die woestyn in al sy heerlikheid

te verwag.

Tot vier keer toe verseker Moses en Aäron die volk dat die Here hulle klagte oor die broodgebrek gehoor het (vgl. Eks. 16:7-9, 12). Daaroor mag daar geen twyfel bestaan nie. Die Here se ore is nie doof in die woestyn nie en nog minder het Hy weggetrek uit die woestyn. Israel moes leer dat hulle in die woestyn voor die aangesig van die Here mag kom. Selfs die woestyn kan dien as ontmoetingsplek met die Here. En wanneer die hele vergadering bymekaar is en Aäron die vergadering toespreek, gebeur daar 'n wonder. Die volk draai na die woestyn. Byna simbolies staan hulle met die rug na Egipte en dan kom die Here in al sy heerlikheid na hulle.

Verwag dus dat die hemelpoorte vir jou oop sal wees. Dit gaan vir die Here daaroor dat sy kinders nie met verlange sal leef na 'n lewe waar daar plek vir slawerny is nie.

Die Here kom nie om met hulle te argumenteer oor hulle klag dat hulle nie genoeg het om te eet nie. Die Here doen *nie wat Farao gedoen het, en dit was om hulle na hulle werk te stuur nie*. Teendeel. Hulle mag getuies word van wat die *Here* vir hulle gaan doen. Die Here gaan werksaam wees vir hulle! Hy gaan vir hulle tafel dek! Sommer die hele dag! Die oggend sal hulle versadig wees met brood. Geen hongersnood nie! En die aand word die broodmaaltyd opgevolg met vleis - genoeg vir almal! Die hele doel daarvan is dat Israel sal weet *dat die Here hulle God is* (Eks. 16:12b). Hy is die Een wat hulle klagtes hoor. Hy is nie uitgesluit van hulle nood nie. Hy is nie onwillig om hulle te gee wat hulle nodig het nie.

Die vraag is altyd maar weer of hulle die geloof het om dit van Hom te verwag. Israel moes leer om die Here se teenwoordigheid *in die gewone daaglikse behoeftes en nood* te verwag. Afhanklikheid van die Here moes niks vreemd vir hulle wees nie. Maar *afhanklikheid* mag nooit weer *slawerny* wees nie. Die kinders van Israel was bereid om die slawerny op die kop toe te neem, as hulle maar langs vleispotte kan sit en volop brood kon eet (16:3)! Dit

mag nie. 'n Mens sal nie van brood alleen leef nie. Veel belangriker is die afhanklikheid van die Here sonder slawerny.

Brood uit die hemel!

Israel moes dus weet dat hulle *uit die hemel mag eet*. Die Here se belofte was: “*Kyk, ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën*”. Verwag dus dat die hemelpoorte vir jou oop sal wees. Wil julle vleis hê, dan sal Ek ook daarvoor sorg. Dit gaan vir die Here daaroor dat sy kinders nie met verlange sal leef na 'n lewe waar daar plek vir slawerny is nie. Vir elke nuwe dag sal daar altyd weer genoeg wees. Elkeen kon manna optel volgens die behoefte van die huishouding. Almal kon genoeg hê en niemand hoef tekort te hê nie. Die een het baie ingesamel en die ander min, maar niemand was die oorsaak van 'n ander se gebrek nie. Die Here se voorsiening kon vertrou word en in die gemeenskap was daar verdeling volgens die behoefte van die huishoudings.

Wanneer daar pogings was om onnodige surplusse op te bou, sodat daar vir die volgende dag oorgestaan het, was die voedsel nie meer bruikbaar nie. Daar het wurms in gekom! Geen selfstandigheid kan opgebou word nie. Die daaglikse afhanklikheid moes steeds bly. Die gebed moes op hulle lippe bly: “gee ons elke dag ons daaglikse brood”. Die lewensstyl van Egipte waar daar opgestoor is, moes afgeleer word. Surplus brood was in die woestyn nutteloos!

Die rusdag...oefendag!

Saam met die belofte van die brood, gaan daar die spesiale reëlings en afsprake vir 'n rusdag. Dit was 'n dag wat op 'n baie spesiale manier die geloof van die volk beproef het. 'n Dag vir geloofsgimmastiek. Die sabbatdag. Die Farao was angstig dat die Israëliete nie met hulle werk moes stop nie. Toe Moses en Aäron by hom gekom het om te vra dat hulle die Here in die woestyn kan gaan dien, gebruik hy 'n woord wat 'n baie spesiale betekenis in die woestyn sou kry. Hy gun hulle geen “stop” in hul werk nie. Die woord daarvoor gebruik is “shabat”. In die woestyn kom die Here nou en gee vir Israel 'n baie spesiale “shabat”.

Hulle mag nie net stop met hulle werk nie. Hulle *moes* selfs. Die sabbat is vir die mens. Uit die Here se goedheid wil Hy laat sien dat *afhanklikheid van Hom nie slawerny beteken* nie. Israel moes gewoon raak

**Om werklik iets in die skepping te kan ken,
beteken dat ons allereers die Skepper moet ken**

- AE Greene

Tekste byderhand, of Christus voor oë?

Met hierdie artikel wil ek iets probeer vertel oor wat die Bybel vir die Christelike etiek beteken – die vakgebied wat ek nou al jare lang doseer. Meermale het broeders en susters al vir my gesê dat hulle my nie beny nie. Daar is soveel etiese kwessies aan die orde vandag en dit neem elke jaar net toe. Dit gaan oor aborsie en eutanase, oor egskeding en hertrou, oor homoseksualiteit en bloedskanie, oor in-vitro-bevrugting, orgaanoorplanting en genetiese manipulasie. Hulle vra my dan of ek in al hierdie sake presies weet wat die Bybel ons wil voorhou. Ja, sê die Bybel wel iets oor al hierdie onderwerpe?

Voordat ek op hierdie vraag ingaan, wil ek voorkom dat ek my hier in die rol van ‘n ondervraagde plaas, terwyl u maar net hoof terug te sit en beoordeel hoe ek as etikus in al hierdie besondere kwessies probeer omgaan met die Bybel. Eers wil ek ‘n vraag aan u stel: Wat beteken dit vir u dat die Woord van God ‘n lamp vir u voet en ‘n lig op u pad is? (Psalm 119:105).

Met hierdie vraag het u naamlik elke dag net soveel te make as ek in my vakgebied. Dit mag wees dat u persoonlik nooit iets te make sal hê met al die bogenoemde kwessies nie. Weliswaar het u nooit openlik of heimlik aborsie en eutanase vir uself of vir iemand in u familiekring oorweeg nie. U is gelukkig getroud en kyk daarom vreemd na ‘n egskeding. Die onderwerp genetiese manipulasie is miskien baie ver van u belewingswêreld verwyder. Laat ons dit aanneem. Ek moet my met al hierdie onderwerpe besighou, terwyl dit u bespaar bly. Maar daarmee is u nie slegs ‘n belangstellende buitestaander as dit gaan oor etiese beslissings nie.

Want voordat daar een spesifieke kwessie aan die orde kom – bv. aborsie, ens. – het ons almal te doen met die oproep van die Bybel om godvresend te wandel. Die Woord vra vir ‘n Christelike wandel. Hierdie oproep vorm die kern van die Christelike etiek en die beslissende antwoord op die vraag hoe ons met die Bybel omgaan. Die Woord van God leer ons Christus ken, en tegelyk roep dit ons op om Hom te volg. Die geloof vra om werke; aan die

daaraan om met die Here te leef. Daarvoor is ‘n *spesiale oefendag* nodig. ‘n Dag waarop geen werk gedoen is nie. Hebsug en slawe-mentaliteit moes afgeleer word. Die volk moes ge oefen word om gevoed te word. Om te ontvang. Op pad na die ontmoeting met die Here by die berg en op pad na die land wat oorloop van melk en heuning, moet daar tyd wees vir rus. ‘n Volle dag waarin geniet kon word van die Here se versorging. Op hierdie stadium is daar nog geen opdrag om fees te vier op hierdie dag nie. Dit kom later wanneer die Here al sy gebooe gee. Maar nou solank: *gewoond raak aan rus! Ontgroeïing van ‘n slawe-mentaliteit!*

Vir hierdie dag was ‘n spesiale dissipline nodig. Op die dag wat dit voorafgaan, moes daar hierdie keer genoeg voedsel opgetel word, ook vir die sabbatdag. Gaan die manna weer sleg word soos met al die ander dae? Dit wat vir die sabbatdag geld, staan haaks op die ander dae. Brood kon hierdie keer opgegaar word. Opgaar vir die sabbatdag het niks te doen met die opbou van ‘n onafhanklikheid van die Here nie. Die afhanklikheid kon nou juis ge oefen word! Het jy op die sabbatdag tog uitgegaan om te gaan optel, het jy niks gekry nie!

Selfs *God* se broodstoor is toe op die sabbatdag. Hy verkoop nie op hierdie spesiale dag brood nie. Hy wil dat sy kinders rus. Ook die Here “rus”... soos op die sewende dag na die skepping! Omdat die Here die sabbatdag as rusdag gegee het, daarom gee Hy op die sesde dag genoeg vir twee dae (16:29). Hulle hoof nie eers uit hulle huise uit te gaan op hierdie dag nie. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand van sy woonplek weggaan nie.

Die naam van die spesiale brood vertel hierin ‘n eie verhaal. Dit word “man – ah” genoem: “Wat is dit?” Stom verbaas oor die brood wat sommerso opgetel kan word, elke dag weer! Brood wat jou tot rus laat kom... Rus van jou werk, maar *geen rus van die genieting van wat die Here uit liefde en genade gee nie.*

Was dit vir net ‘n kort tyd? Nee, vir veertig jaar is dit volgehou totdat die volk die beloofde land ingetrek het en hulle die grond weer kon bewerk. ‘n Kruike vol manna is later voor die ark neergesit. Dit het die volk altyd weer herinner aan die Here se sorg. Altyd weer bevryding van slawe-mentaliteit. Altyd weer gereed om te rus!

**Al storm dit op aarde,
dit is rustig in die hemel**

- J Calvin

vrugte sal die boom geken word. Is u 'n Christen, of is u nie? Indien wel, dan is dit te sien aan u wandel, aan u lewenstyl. U het net soveel daarmee te make as ek in my posisie as dosent in die etiek.

Die Skrif is nie sommer 'n boek waaruit ons tekste kan put om argumente voor of teen besondere handelingte te fundeer nie. Dit is die boek van die verbond tussen God en mense. Dit vertel aan ons die geskiedenis van God se verlossing van mense deur Christus. Dit laat ons sien hoe ons deur die geloof in die gemeenskap met Christus opgeneem is. Wel, in hierdie gemeenskap word die Christelike etos (= etiek) gebore. Wanneer aan ons die verhaal vertel word van Christus en van almal wat Hom gevolg het, word ons beweeg tot handeling: Maar julle moet geheel anders leef... (Afr. vertaling: 'Maar julle het Christus nie so leer ken nie') (Ef. 4:20)

Wanneer aan ons die verhaal vertel word van Christus en van almal wat Hom gevolg het, word ons beweeg tot handeling

Daarby wys die Bybel ons baie keer op die voorbeeld wat ander gegee het en wat ons moet navolg. Ons word opgeroep om te volg in die voetstaptes van die heiliges uit die Ou en Nuwe Testament. Ons word bowenal opgeroep om die groot voorbeeld, Christus self, na te volg.

Laat ek dit nou baie kras (en daarom eensydig, soos nog sal blyk) sê: Om te weet wat ons wel en wat ons nie moet doen nie, het ons nie tekste nodig nie, maar die voorbeeld van ons Heiland. Hoe belangrik dit is om op die voorbeeld van Jesus te wys is, soos dit aan ons in die verhaal van sy lewe op aarde geteken word, blyk onder andere uit die feit dat die apostels hulle vir etiese kwessies baie keer nie op tekste beroep het nie, maar op die houding van ons Here Jesus. In gevalle waarin 'n eenvoudige beroep op bv. die Tien Gebooe duidelik sou gewees het, wys hulle op ons lewe 'in Christus'. Die Christen moet anders wandel as die heidene, nie omdat een van die Tien Gebooe dit van hom vra nie, maar omdat hy Christus leer ken het. Aan sy gemeenskap met Christus kan die

Christen aflei hoe sy gedrag en lewenstyl moet wees.

Ek gee 'n paar voorbeelde. Die Christen moet vergewensgesind wees, soos God in Christus aan hom vergewing geskenk het (Ef. 4:32). Die Christen moet toets wat Christus welbehaaglik is (Ef. 5:10). Man en vrou moet in hul huwelik 'n afspieëling vorm van die verhouding tussen Christus en sy gemeente (Ef. 5:22 vv). Christene moet hoerery vermy, omdat hul liggame lede van Christus is (1 Kor. 6:3 vv), ensovoorts. Let op Christus en u weet hoe u lewe moet lyk. Die wat Christus van harte aanvaar, hoef vir sy lewenswandel nie 'n handleiding met tekste byderhand te hê nie, solank as wat hy sy Heer en Heiland maar voor oë het!

Daar is nog iets essensiëls wat onmiddellik verbonde is aan dit wat hier voorafgaan. Wanneer ons oor die Christelike lewenswandel praat, gaan dit allereers oor ons wandel binne die gemeente van Christus. Natuurlik, ons moet ook na buite optree. Maar vir dié wat die Nuwe Testament lees, sal dit opvallend wees hoe baie keer daar gewys word op wat nodig is om saam gemeente van Christus te wees. Christelike etiek is allereers gemeente-etiek. U lees weinig of niks oor politieke en ekonomiese sake, oor die omgewing of oor mediese kwessies nie. Daardie sake is vandag beslis belangrik. Maar wanneer ons ons afvra wat die Woord uitwerk in ons wandel, is die toets eerstens óf en hóé ons 'n lewende lid van die gemeente van Christus is. Opnuut sê ek dat ons, sonder dat ons ook maar een Bybelteks byderhand het, baie goed beseft hoe onself en hoe ander die beeld van Christus in die kring van die broeders en susters vertoon, al dan nie.

Daar is teoloë wat beweer dat ons vir die etiek die Bybel glad nie nodig het nie. Die Bybel, sê hulle, is daar vir die verhaal, nie vir die moraal nie. U verstaan dat ek dit anders sal sê. Die Bybel is daar vir die verhaal van Jesus Christus; maar aan daardie verhaal is 'n moraal verbonde. "Maar julle moet geheel anders leef... Want julle het *Christus* nie so leer ken nie" (Ef. 4:20).

Die verhaal in die Bybel oor ons verlossing in Jesus Christus is dus van beslissende betekenis vir dit wat ons moet doen of nalaat. Nogmaals: ons Christelike moraal rus nie op losse Bybeltekste nie, maar op

**As 'n kerk haar woorde begin devalueer,
dan word die kerk 'n ramp vir die volk**

- K Schilder

daardie verhaal oor Hom in wie ons glo. Christus word aan ons voorgedien en daaruit leer ons wat ons moet doen.

Betekend dit nou dat ons genoeg sou hê aan die vier evangelies wat ons Christus laat ken, sodat ons op hierdie verhaal ons hele Christelike moraal kan baseer? Nee, want dan sou ons vergeet dat Christus ons self op die hele Skrif wys. Hy het immers uitdruklik gesê dat Hy nie gekom het om die wet en die profete te ontbind nie, maar om dit te vervul (Matt. 5:17). Hy beroep hom vir 'n etiese saak soos die egskeiding op 'n teks uit Genesis 2. Hy haal ook die Ou Testament vir ander sake van ons lewenswandel gereeld aan. Paulus eweneens. Hy wys die kinders in die gemeente van Efese op die voorbeeld van Christus: 'Kinders, wees julle ouers gehoorsaam in die Here (Jesus)'. So sien ons weer die sentrale tema waarop ek so pas gewys het. Maar Paulus kan onmiddellik daaraan toevoeg: 'Eer jou vader en jou moeder' (Ef. 5:2). En dit staan in die Tien Gebooe. Die sentrale tema vir die Christelike etiek, nl. die navolging van Christus, kan nie losgemaak word van die teks van die hele Bybel nie.

Daarom is die beroep op Bybeltekste vir al die verskillende etiese onderwerpe ook nie misplaas nie. Die vraag is wel hoe ons ons dan op die Bybel moet beroep. Dit is glad nie altyd so eenvoudig nie. Is daar tekste vir elke onderwerp?

Om 'n orde te gee aan die beroep op die Skrif, het ek die volgende onderskeiding gemaak: Ons kan ons beroep op die Skrif as 1) gids, as 2) wagter en 3) as rigtingswyser.

Die Skrif as gids

Ons kan ons op die Skrif beroep as *gids*. Daarmee bedoel ek dat ons in baie sake ons direk en duidelik op bepaalde Bybeltekste kan beroep. Soos wat 'n gids ons in die berglandskap vergesel om die begaanbare pad aan te toon en vir die onbegaanbare pad te waarsku, so funksioneer die Skrif ook in baie situasies as gids wat ons konkreet vertel wat goed en kwaad op ons weg is. Wanneer iemand steel, of lui is, of sy broeder haat, of die son laat ondergaan oor sy toorn pleks daarvan om homself voor die nag met sy vrou te versoen, dan weet ons almal waar om die tekste te vind om aan

te dui dat dit verkeerd is. 'n Eenvoudige beroep op een van die Tien Gebooe, 'n aanhaling uit Spreuke of 'n woord van Jesus uit die Bergrede, kan vir ons in talle situasies presies sê wat die wil van God vir onself en ander is. In hierdie gevalle funksioneer die Skrif as *gids*.

Ons Christelike moraal rus nie op losse Bybeltekste nie, maar op daardie verhaal oor Hom in wie ons glo

So mag ons ons ook op die gebod 'Jy mag nie doodslaan nie' beroep om prinsipieel standpunt in te neem insake aborsie en eutanase.

Die Skrif as wagter

Maar dikwels is so 'n direkte gebruik van die Skrif nie moontlik nie. As ons ook die groot verskil in die situasie tussen die Bybelse tyd en nou in gedagte hou, sal ons dit moet toegee. Manne en vroue, ouers en kinders, owerheid en onderdane gaan nou anders om met mekaar as in Bybelse tye. Vaders het hul dogters uitgegee vir huwelik (1 Kor. 7:36), iets wat vandag vreemd is vir ons. Slawerny, wat in die Bybel wel begrens maar nie direk veroordeel word nie, beskou ons vandag as 'n kwaad. Vir marteling het ook goeie konings soos Dawid nie noodwendig teruggedeins nie (2 Sam. 12:31), terwyl ons dit in stryd ag met menseregte. Vryheid van godsdiens, of die reg om van godsdiens te verander, was binne Israel ondenkbaar. 'n Demokratiese staatsbestel word nêrens in die Bybel aanbeveel nie. As iemand my vra of daar godsdiensvryheid behoort te wees, of die Universele Verklaring van die Regte van die Mens uit 1948 aanvaarbaar is, of arbeiders vyf in plaas van ses dae vir hul baas moet werk, of ons kinders self hul lewensmaat moet kies en nie hul ouers vir hulle nie, dan kan daardie antwoord nie gegee word met 'n regstreekse beroep op die Skrif nie.

Maar daarmee is alles nog nie gesê nie. Wanneer die Skrif nie as gids gebruik kan word nie (in die lyn soos hierbo beskryf), beteken dit nog nie dat dit in sake soos hierbo genoem, geen rol sou speel nie. Want al is die Skrif nie 'n handboek vir allerhande veranderinge en verbeteringe in ons samelewing nie, is dit daarom nog wel 'n wagter, wat teen slegte

**A Christian without a deep desire to worship,
is a contradiction in terms**

- IM Duguid

ontwikkelings waarsku. Profete in die Ou Testament het nie 'n bloudruk nagelaat vir politieke en sosiale verhoudings nie, maar hulle het wel wantoestande, waarin God nie geëer en mense nie gerespekteer was nie, aan die kaak gestel. Die Skrif kies nie vir of teen demokrasie en ander sake wat ons vandag positief waardeer nie. Maar dit maak ons oë wel skerp vir mishandeling en onderdrukking van mense, onder watter politieke of ekonomiese stelsel ook al. Wanneer volwasse nes en selfs kinders ekonomies uitgebuit word, kom daar 'n tyd wanneer daar 'n einde aan gemaak word. Wanneer ou, patriargale verhoudings uit hul voë bars, kan dit nie meer gestuit word dat vroue en kinders selfstandiger word nie, tot in die huwelikskeuse toe.

Daarom maak ek 'n onderskeid in die gebruik van die Skrif as wagter en van die Skrif as gids. Terwyl die Bybel as gids vir ons sê: dit moet so wees; het die Bybel as wagter meer die funksie om ons te waarsku: so moet dit nie wees nie. Die Skrif waarsku ons daarteen om God te verag en mense te onderdruk, sonder om ons daarby presies te vertel wat die konkrete oplossing is om aan die veragting en verdrukking 'n einde te maak. Elke tyd vra vir sy eie aanpassings.

Hoe belangrik dit is om op die voorbeeld van Jesus te wys blyk uit die feit dat die apostels hulle baie keer nie op tekste beroep nie, maar op die houding van ons Here Jesus

Die Skrif as rigtingwyser

Daar is nog 'n derde moontlikheid om ons op Skrifgegewens te beroep. Naas die Skrif as gids of wagter, sien ek die Skrif ook as *rigtingwyser* fungeer. Die Skrif as rigtingaanwyser dui aan in watter rigting ons ons moet beweeg om die antwoord te vind op die vraag wat konkreet goed of kwaad is. Die Skrif as gids en as rigtingwyser saam gee ons alreeds 'n aanduiding van die riglyn(e) wat nodig is om antwoorde te vind vir moeiliker etiese vrae.

Neem byvoorbeeld nuwe probleme waarmee ons te doen het, soos die omgewingsprobleem, in-vitro bevrugting, DNA-ondersoeke en genetiese manipulasie. Het die Christelike etiek, wat homself op die Bybel wil baseer, hier enige inspraak? Die Skrif praat nie hieroor nie. Maar, al kan 'n mens nie 'n teks vind wat iets met dergelike ontwikkelinge te doen het nie, is daar wel Bybelse temas wat daarop betrek kan word. Laat ek 'n paar voorbeelde gee.

Neem die omgewings-kwessie. Ek kan rustig sê dat daar nêrens in die Bybel oor die omgewingsprobleem gepraat word nie. Wanneer iemand vir my 'n teks voorhou oor die Sabbatsjaar, waarin aan die land 'n hele jaar rus gegun is, of oor 'n voëlnessie waaruit jy kleintjies mag haal solank as wat jy die ma maar laat vlieg, dan help dit my weinig of niks in my besinning op die huidige omgewingsprobleem nie. Tog sou dit vreemd wees wanneer die Bybel, wat oor die wêreld as God se skepping, oor die mens as beheerder van hierdie skepping spreek, niks te sê het oor die huidige omgewingsprobleem nie. Die Skrif het hieroor wel deeglik iets te sê. As wagter waarsku dit teen uitbuiting van die wêreld wat deur God geskape is en daarom nie deur die mens geruïneer mag word nie. En is die Skrif nie 'n *rigtingwyser* wanneer dit ons die mens, as rentmeester, dus as beheerder van die skepping, op sy roeping wys nie?

Dit is byvoorbeeld ook vir 'n onderwerp soos genetiese manipulasie van groot belang. Is die mens rentmeester, of is hy skepper naas God, sodat hy die grense tussen die soorte kan uitvee en nuwe skepele na sy eie beeld sou kon skep? In my boek *Milieu en manipulasie* het ek in die slot saamgevat hoe die mens wat homself besig hou met genetiese manipulasie, behoort te wees.

As beheerder van God se skepping, mag hy *bewerkend* besig wees, sodat hy al hoe dieper deurdring in die geheime van die skepping. Om genetiese ondersoeke te verbied omdat dit so gevaarlik kan word, staan gelyk aan die argument om op te hou met boeke druk omdat daar so baie pornografie verskyn.

As rentmeester mag die mens ook *helend* besig wees. Wanneer deur middel van genetiese manipulasie op die gebied van somatiese geen-terapie

Om te spreek oor God vra 'n houding van kniel en be-aam, van geloof en lof

- HGL Peels

ernstige siektes genees of voorkom kan word, sal dit baie leed en angs kan wegneem.

As rentmeester moet die mens ook *beskermend* besig wees, sodat hy geen genetiese terapieë moet aanvaar wat sonder die vernietiging van 'n menslike embryo nie moontlik is nie.

En ten slotte moet die mens as rentmeester *bewaarend* besig wees, sodat hy God se skepping in stand hou en dit nie na eie wense ombou nie, ook nie deur middel van 'n genetiese rasseverbetering nie.

Hierdie vier rigtingwysers, wat na my mening al vier op die Skrif terugvoer kan word, is vir my 'n leidraad in die besinning op die genetiese manipulasie en op ander onderwerpe uit die mediese etiek.

Daar is konstante faktore wat vir alle eeue geld en wat daarom ook van betekenis is vir ons oordeel oor die mees gevorderde wetenskaplike ontwikkelings. Die Skrif is vir ons in die aanwys van die konstante faktore in vele kwessies 'n rigtingwyser.

Twee klippe

Ek dink dat dit sin het om hierdie onderskeid tussen die Skrif as gids, wagter en rigtingwyser te maak. Ek hoor graag van 'n beter onderskeiding – want om onderskeidings te maak in hierdie saak is baie belangrik! So kan ons twee klippe as struikelblok vermy. Ons vermy enersyds die Biblisisme en andersyds die toemaak van die Bybel – asof die Bybel vir al hierdie sake geen boodskap sou hê nie.

Die Biblisisme, wat te dikwels maak asof daar vir elke etiese onderwerp tekste gevind kan word wat ons kant en klaar kan sê wat wel en wat nie moet gebeur nie, is 'n onbegaanbare weg. Biblisisme maak alles te eenvoudig, en dit het daartoe gelei dat baie mense uit reaksie niks meer van 'n Skrifberoep wil hoor nie. So 'n Biblisistiese Skrifberoep het immers al rampspoedige uitwerkings op lewens gehad!

Maar 'n onderskeiding soos ons hier gemaak het tussen die Skrif as gids, wagter en rigtingwyser, bewaar ons ook daarvoor om by enige onderwerp

die Bybel sommer eenkant te sit. Ek sal nie sê dat ek nooit moeite gehad het om, by watter onderwerp dan ook, na die Skrif te luister om te verneem wat dit daarvoor te sê het, nie. Ek het beslis my moeilike oomblikke gehad. Maar na soveel jare kan ek met vreugde en dankbaarheid sê dat die belydenis van die Psalmdigter: “U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad” (Ps. 119:105) ook my eie mog wees.

Die lamp en die lig is nie van so 'n aard dat onself nie meer hoef op te let nie. Ons is ook in ons omgang met die Skrif geen slawe nie, maar vry mense, wat in fyngevoeligheid moet leer onderskei waarop dit aankom (Fil. 1:9). Maar met Christus voor oë en die hele Bybel as gids, wagter en rigtingwyser byderhand, vind ons ons weg. Waar die Woord is, is ook die enigste perspektief vir die goeie wandel.

Belofte en eis van die doop

B Holwerda

Ons bely in Sondag 26 die sakrament van die doop. Ons sê nie in hierdie vrae en antwoorde wat ons self *dink* van die doop nie, maar ons bely wat God hiervan *openbaar*. Dus ons weet dit al by voorbaat: God het die doop ingestel om ons geloof te versterk. Daarom is dit belangrik om daarop te let dat ons nie hier met veronderstellings of vermoedens werk nie. Nee, dit gaan hier oor wat God openbaar en wat vas en seker is.

Maar hoe tragies is dit dat hierdie vastigheid in die kerkgeskiedenis so maklik ondergrawe word. Ons sien dit by die ou kerkgeskiedenis as daar nie meer vasgehou word aan wat God van die doop sê nie, maar die doop verword tot 'n heidense gewoontegodsdiens. So het die doop vir die Roomse kerk geword tot 'n magiese handeling, 'n soort toormiddel, waardeur die genade by ons ingestort word.

Daarteen het Luther, Calvyn en Zwingli opgestaan. Maar selfs hierna bly daar verdeeldheid oor die sakramentsbeskouing in die kerke van die Hervorming. Ook vandag gaan dit nog dikwels verkeerd in Gereformeerde kerke omdat die doop nie verstaan word nie.

Ons lees in die doopsformulier dat die doop uit twee

Sekerheid van die geloof is nie dat ons seker is dat ons glo nie, maar dat ons seker is van die beloftes van God vir ons

- L Floor

dele bestaan: 'n belofte en 'n eis. Wat beteken dit? Daaroor het mense heelwat geredeneer. Oor die vraag of die belofte onvoorwaardelik of voorwaardelik is. Aan die een kant is die onvoorwaardelikheid van die belofte soms só benadruk dat die eis van geloof en bekering prakties onbelangrik geword het. Daar word dan gereken dat God by die doop belof dat die kind in elk geval hemel toe sal gaan. Aan die ander kant word alle nadruk gelê op die voorwaardelike karakter van die belofte. God vergeef wel die sonde, maar net as jy eers glo. Op hierdie manier beland 'n mens maklik op die gevaarlike spoor van: eers jou geloof, dan God se genade. So asof God se verbond eers werklikheid word as ons dit aanvaar.

**God gee geen enkele belofte
sonder die eis van
geloof en bekering nie.
Hy stel ook geen enkele eis nie,
behalwe op grond van die belofte**

Ons moet teen albei gevare waak. God gee geen enkele belofte sonder die eis van geloof en bekering nie. Hy stel ook geen enkele eis nie, behalwe op grond van die belofte. Die belofte word uit loutere genade aan ons geskenk. Ja, selfs al glo ek nog nie eers nie, al het ek nog geen goeie werke gedoen nie. God is in die verbond altyd eerste. En as Hy sy verbond oprig, dan bestaan dit, al glo ek dan nog nie, al het ek my nog nie bekeer nie. God beskik dit so dat die verbond daar is. En daarom word die belofte onvoorwaardelik aan my geskenk. God stel nie vooraf eise waaraan ek eers moet voldoen voordat Hy sy belofte gee nie.

Maar tog is die belofte ook nooit sonder die eis nie. Dit is vir ons bekend uit die doopsformulier dat die doop ons vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. En dit staan ook in Sondag 26. God belof wel dat ons deur die Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig sal word, maar alleen op dié manier, dat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.

God skenk dus wel die belofte van vergewing en vernuwing, maar altyd só dat ons

verantwoordelikheid gehandhaaf word. Hy belof die saligheid alleen aan die wat glo. 'n Mens kan dus sê: die belofte word onvoorwaardelik gegee. Maar die vervulling, die uiteindelijke vervulling van die belofte kom slegs tot stand langs die weg van geloof en bekering, en nooit anders nie. Want 'n belofte is altyd 'n verpligtende iets, dit is nooit iets wat ek maar net kan ignoreer nie. Wil 'n mens dus die heilsbelofte onvoorwaardelik noem, dit is om 't ewe. As 'n mens maar nooit vergeet nie dat 'n onvoorwaardelike belofte terselfdertyd 'n onvoorwaardelike verpligting is: God lê eenvoudig beslag op alle gedooptes en Hy eis hulle harte en siele en al hulle kragte op.

Onvoorwaardelike genade by die doop? Inderdaad, maar daarom ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid in antwoord op die doop.

Melk, vaste spys of kos vir teoloë?

ALT de Bruijne

Die Drie-eenheid van God word deur baie mense as 'n brein-toertjie ervaar. Verklaar bietjie: drie = een. Dit is teologiese kos.

Om by daardie beeldspraak te bly: In Heb. 6 sê die Bybel dat die gemeente geestelik gevoed moet word met vaste spys. Met dit in gedagte som die skrywer op wat melkvoeding inhou. By die beginnersles vir die Christelike geloof behoort byvoorbeeld: kennis van die ware God, en die leer van die doop. Beide vra dat die name van die Vader, Seun en Heilige Gees opklink. Dit is dus baie jammer dat hierdie onderwerp (die Drie-eenheid van God) in die kerk as moeilik en taai beskou word. Dit is nie so in die Bybel nie. Daar is die Drie-eenheid deel van die kursus vir beginners. Dit is nie eers in die eerste plek deel van die vaste spys nie; hierdie leer kry mens al saam met die melkvoeding in!

Dit is ook hoe dit in die praktyk van ons geloof werk. Gee ons nie net te min aandag daaraan nie? Die Drie-eenheid kom byvoorbeeld dikwels voor in die kerkdiens. As jy God prys, as jy jou geloof bely, as daar gedoop word, as jy die seën ontvang ens. Dit roep nie die atmosfeer van 'n teologiese

**God acts in history to fulfill his saving promises,
and the fulfillment of such promises reveals how glorious
and great and beautiful God is**

- TR Schreiner

diskussie op nie, maar van 'n lewende omgang met God. Ons sal moet probeer om die eenvoudige betekenis van hierdie leer weer terug te wen in ons kerklike lewe. Soos dit byvoorbeeld in Sondag 8 van die Heidelbergse Kategismus op 'n praktiese manier ingevul word.

Artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is meer ingewikkeld. Daarin word die dwaalleer verwerk. En dit is ook noodsaaklik. Maar as gevolg daarvan moet die positiewe betekenis van hierdie leer nie buite sig raak nie. Daarvoor is Artikel 9 baie duidelik. Die Drie-eenheid kan nie net uit Bybeltekste geleer word nie, maar ook deur wat jyself ervaar van hierdie Persone se werk in jou lewe. Dit is dus geloofspraktyk en nie gevorderde wiskunde nie.

Net op hierdie manier durf ek die gewigtige woorde uit die belydenis van Atanasius na te sê. As iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie. Dit het nie betrekking op die teologiese oorweging van hierdie leer nie, maar op die praktiese sy daarvan. Wie nie vir God ken soos wat Hy is nie, het nie 'n ewige lewe nie.

God kom tot ons

Hoe moet ons op hierdie punt die Bybel lees? Kom ons vergeet net gou van die terme: Drie-eenheid, wese, persone. Hulle kom nie in die Bybel voor nie.

Moet ook nie op losstaande tekste probeer bou nie. Ja, hulle is daar. Maar as jy die Drie-eenheid daarop wil grond, bly dit tog 'n soort hoëre waarheid. Nee, kom ons besef watter soort boek die Bybel is. Die Bybel vertel hoe God na die mense kom. Deur middel van 'n lang geskiedenis. Telkens weer en steeds naderby. Wil jy daardie God leer ken, is dit beter om aan die einde van die geskiedenis te begin. En aan die einde van die Bybel. Waarvandaan ons dan moet terugkyk en die balans opmaak. Wie is nou eintlik die God wat deur al die eeue heen, met al die dae en woorde na ons toe gekom het? Hoe kom Hy uit daardie geheel na vore? Dan eers laat ons die Here reg geskied.

Wanneer jy dit doen, dan sal jy oplet dat die Here drie keer 'n soort aanloop neem.

Dink byvoorbeeld aan die see as dit in vloed is. Die branders spoel steeds 'n bietjie verder op die strand uit. So kom die Here steeds nader aan ons.

- a. Ná die skepping begin die Here 'n verhouding met Adam: 'n verbond. Dit bly voortbestaan, ook na die sondeval. Die verhouding word wel voortdurend deur God vernuwe: by Noag, Abraham, op die berg Sinaï, na die ballingskap. Dit is steeds weer dieselfde persoonlike God wat die mense bly opsoek.
- b. Totdat Jesus Christus verskyn. Die Bybel noem Hom ook God (Rom. 9:5). God kom na ons toe. Maar op 'n ander manier. Die brander spoel bietjie verder op die strand uit. Hy dring deur tot midde in ons sondige menselewe. 'n Tweede persoon verskyn van agter die skerms vorentoe: God die Seun.
- c. En die Here dring nog dieper deur, as Hy self in ons lewe kom woon. Die Gees laat homself aan ons gee op die Pinksterdag. Ook Sy naam is God (Hand. 5:4). Van agter die skerms verskyn daar 'n derde persoon in die soeklig van ons geloofsaandag.

Op hierdie manier vind daar 'n lewendige en praktiese kennismaking met God plaas. So kom Hy in die geskiedenis van sy werke. Met hierdie God het jy omgang in die nuwe verbond. Dit is die groot lyn van die Bybel. Vir ons om God te leer ken uit sy werke is om die Vader en die Seun en die Gees te leer ken.

Die Drie-eenheid kom byvoorbeeld dikwels voor in die kerkdiens. Dit roep nie die atmosfeer van 'n teologiese diskussie op nie, maar van 'n lewende omgang met God

Jy sal nêrens in die Bybel lastig geval word met die vraag hoe dit eintlik moontlik is nie. Juis omdat daar maar net een God is. Maak 'n begin om hierdie Drie oorfloedig te leer ken. Nie om oor hulle te spekuleer nie, maar om met elkeen van hulle te lewe. Dit is baie verrykend vir ons band met die Here.

Opeenvolgende verskyning?

Maar is dit nie soos met wagne wat afgelos en mekaar opvolg nie? Die Seun wat die Vader opvolg

Ons het nog steeds die eenvoudige plig om te erken dat almal wat in dieselfde belydenis hulle geloof uitspreek, bymekaar hoort

- K Schilder

en die Gees die Seun? Of is God dalk 'n soort akteur wat ná mekaar drie verskillende rolle speel? Sit Hy eers sy Vader-gesig op, waarna Hy homself as Seun voordoen en tenslotte speel Hy die Gees? Dit is hoe verskillende strominge in die hede en verlede gedink het.

Maar wanneer jy begin by die somtotaal van God se openbarings en vandaar uit terugkyk na die verskillende fases wat dit deurgegaan het, sal jy by nader insien hierdie drie in al die fases ontdek.

In die eerste fase herken jy al die kontoere van die Seun en die Gees. Alhoewel dit in die skadu van die Vader is.

Die Drie-Eenheid kan nie net uit Bybeltekste geleer word nie, maar ook deur wat jyself ervaar van hierdie Persone se werk in jou lewe. Dit is dus geloofspraktyk en nie gevorderde wiskunde nie.

Dink aan die 'Engel van die Here'. Hy is een met God en tog 'n bode, 'n engel. God wat Hom deur God laat stuur. Is dit nie hoe Jesus later van Homself gepraat het nie? Daardie Engel is die God wat Moses ontmoet het by die doringbos. Sy naam is God se naam: wonderbaar in groot daade, soos Simson se vader dit mog hoor. So is daar meer begrippe wat mens laat dink. Ons hoor van die heerlijkheid van God, die Naam van God, die woord van God, die aangesig van God, die Gees van God. En gaan dit byvoorbeeld oor die Naam, dan lees jy selfs 'n tipe persoonlike uitdrukking: God laat sy naam 'woon' in sy heiligdom (Deut. 12:11). Elke keer gaan dit oor 'n Persoon en dinge wat een is met God en tog van Hom onderskei moet word. Geen wonder dat selfs bepaalde strominge binne die Jodedom tot vandag toe in hierdie gegewens raakvlakke erken met die Christelike leer van die Drie-eenheid. Ons sien dit in die lig van die Nuwe Testament as kontoere van Christus en die Gees. Die Verbondsgod van die Ou Testament blyk geen eensame enkeling te wees nie!

Wanneer Jesus vervolgens op die voorgrond tree, doen die Vader nie 'n stap terug nie. Jesus noem

Hom 'sy God' (Joh. 20:17). Hy praat met Hom. Hy laat ons die Vader nog duideliker sien. Ook die Gees blyk in die skadu volop aanwesig te wees. Die Vader gee Hom vir Jesus. Christus dien God deur die Gees.

Dit is ook hoe dit werk as die Gees op die voorgrond geplaas word. Die Vader en die Seun vervaag dan nie na die agtergrond nie. Die Gees verheerlik hulle. Hulle word dan nog meer op die voorgrond geplaas. In Joh. 14:23 sê Jesus baie uitdruklik: as die Gees in jou kom woning maak, kom Ek en die Vader saam.

'n Band met God

By nader insien blyk die Here altyd so te wees - as jy Hom leer ken het met die sig op die eindpunt van sy openbaring. Alles wat Hy doen, doen Hy in die gemeenskap van die Vader, Seun en Gees.

Die skepping wat die werk van die Vader as bron van die lewe is, is immers 'n samewerkings-projek. Die Seun het ook geskep (Joh. 1:1), netso ook die Gees (Gen. 1:2).

In God se omgang met Israel in die woestyn sien ons dat die Vader 'n verbond sluit met sy volk. Maar in en deur die werk van die Seun. In Jesaja 63 staan geskryf: in sy Engel (die Seun) was Hy naby en Hy het sy Gees gegee in die leiers van die volk.

Die geboorte van Jesus is die Seun van God wat Self na die aarde wil kom. Tog het die Vader Hom gestuur. En die Gees het Maria swanger gemaak. Jesus staan self op uit die dood. Tog het die Vader Hom opgewek. En die Gees het gesorg vir 'n nuwe liggaam.

Alles wat die Here vir ons mense doen, doen Hy soos wat Hy is. So is ook sy verhouding met ons. Net op hierdie manier kan ons band met Hom opreg wees. 'n Band met God is 'n band met die persoon van die Vader, die persoon van die Seun en die persoon van die Gees. Anders praat ons nie van die ware God nie. In jou omgang met die Bybel is dit belangrik dat jy hierdie Drie almal steeds beter leer ken.

Die HERE is een

Maar het ons dan tog drie gode? God is immers een!

Christus het ons nie geroep om as kerkverband te probeer oorleef nie. Hy het ons geroep om as ware kerk te leef tot verheerliking van sy Vader.

- ALA Buys

Wat sê die Bybel as God se eenheid benadruk word? Allereers word daar dan 'n grens "buitentoe" getrek: ander gode is nie God nie. Net die HERE is. Dan praat ons nog glad nie oor wat binne die grense is nie, oor wie die Here is nie. Dit sluit dus 'n meervoud in God nie uit nie. Buitendien beteken God se eenheid (bv. In Deut. 6) dat Hy uit een stuk is. Die Here is een, en dus moet ons Hom liefhê met ons hele hart, verstand en krag. Hy is "reguit", openhartig in sy omgang met ons. En daarom moet ons "reguit", openhartig wees in ons omgang met Hom. Die Here is in harmonie met Homself. Alles in Hom is harmonies op sy volk gerig. Laat alles in ons dan nou harmonies na Hom toe uitreik.

Ook dit sluit nie 'n Drietal uit nie. Dit wys wel daarop dat daar tussen die Drie 'n totale eenheid bestaan. Aan die een kant gaan dit alles ver bo my bevattingsvermoë uit. Tog mag ek my wel 'n voorstelling daarvan maak.

Jesus sê in Joh. 10:30: Ek en die Vader is een. Met Atanasius as kerkvader, sien ek dit nie as 'n abstrakte uitspraak oor God se eenheid nie. Maar anders as Atanasius, reserveer ek dit ook nie vir Jesus in sy mens-wees alleen nie. In Jesus se werk op aarde blyk iets van die harmonie tussen Vader en Seun. As Seun voer Hy sy Vader se werke uit en spreek Hy sy Vader se woorde.

Hierdie harmoniese verhouding weerspieël, om dit nou maar so te sê, hoe dit van ewigheid tussen die twee is.

Die Bybel maak nie 'n probleem van daardie meervoud naas die geloof in een God nie. Paulus gebruik sowaar daardie meervoud om die geloof in hierdie Een God te stimuleer! In 1 Kor. 8:6 sê Hy in dieselfde asem: daar is vir ons maar een God die Vader. En een Here - Jesus.

Ons sou hom nou dalk kon uitvang op 'n nuwe probleem: kyk Paulus, hier praat jy tog nou van twee persone?! Paulus wys juis op die een Heer, omdat hierdie Heer jou rig op die een God. Sodanig is die harmonie wat tussen die Twee bestaan.

Die kerkvader Gregorius van Nyssa gebruik die beeld van drie soekligte: saam verlig hulle die plek

van ons donker bestaan. Die drie ligbundels vorm saam een ligstraal. In hulle werk sal jy hulle harmonie raaksien. Dit is ook hoe dit in God self is. Dit is iets wat ons nooit ten volle sal kan peil nie.

Ek het probeer betoog dat ons in ons omgang met God nie soseer die eenheid van God voorop moet stel nie. Begin daarmee om Vader, Seun en Gees elkeen te ken. Sien vervolgens hoe harmonieus hierdie Drie saamwerk. En erken vandaaruit dat daar tussen hierdie Drie 'n eenheid bestaan.

Dietrich Bonhoeffer: die navolging van Christus

B Kamphuis

"Gevangene Bonhoeffer, vat jou goed en kom saam". Bonhoeffer soek sy goed bymekaar en neem afskeid van sy medegevangenes. Aan een van hulle sê hy: "Dit is die einde – vir my die begin van die lewe". Na 'n lang motorrit kom hy saans laat by die kamp in Flossenbürg aan. Dan vind die verhoor plaas wat uitloop op die reeds bekende vonnis: hang.

In die dowwe môrelik sien die kampdokter deur die geopende deur van die barak hoe hy in gebed versink is. Later, by die galg, bid Bonhoeffer weer. Rustig beklim hy die skavot. Die dood volg 'n paar sekondes later. Tien jaar later verklaar die dokter: "In my vyftigjarige praktyk het ek nog nooit iemand met soveel oorgawe aan God sien sterf nie".

So het Dietrich Bonhoeffer deur die hand van die beul net voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog, 9 April 1945, gesterf.

'n Te kort lewe

Hy was nog nie eers veertig jaar oud nie. In 1906 is hy gebore as kind van 'n welgestelde familie. Sy pa was een van die beroemdste sielkundiges van Duitsland. Die familie was Christelik, maar nie juis kerklik meelewend nie. Dit het almal dan ook baie verbaas dat die jong Dietrich besluit het om teologie te gaan studeer.

Hy was 'n briljante student. Op een-en-twintigjarige leeftyd promoveer hy. Dit het gelyk asof daar vir hom 'n pragtige akademiese loopbaan voorlê. In 1931 begin hy as dosent by die Universiteit van

**'n Christen is 'n mens van môre.
Sy geloof is sy verkyker waarmee hy
die toekoms kan inkyk**

- L Floor

Berlyn werk. Verder doen hy ook nog pastorale werk. Intussen bou hy 'n netwerk van buitelandse kontakte op, met name via die internasionale ekumeniese beweging. Maar dan breek 1933 aan: Hitler kom aan bewind. Reeds vanaf die begin verzet Bonhoeffer homself teen die ideologie en die praktyk van die Nazisme. Aanvanklik het die verzet 'n kerklike karakter: Bonhoeffer sit sy kragte in vir die "Bekennende Kirche", die belydende kerk wat hulle daarteen verzet het dat die Nazi's ook hulle ideologie op die kerk sal afdwing. Hy is ook 'n aantal jare die leier van die predikantsopleiding van die "Bekennende Kirche".

Christus staan in die middelpunt.

**Dit beteken:
Christus staan tussen my
en alles in hierdie wêreld.**

Vanaf 1940 raak Bonhoeffer nog dieper betrokke by die verzet. Hy kom in kontak met hoë militêre wat 'n staatsgreep teen Hitler beplan. Hy dien dan as hulle kontakpersoon met die buiteland. Begin 1943 raak hy verloof aan Maria von Wedemeyer. Kort daarna word hy gearresteer: 5 April 1943. 'n Aantal jare is hy in 'n tronk in Berlyn. Aanvanklik lyk dit of die verdenkings teen hom nie baie konkreet is nie en hoop hy dat hy vrygelaat sal word. Maar op 20 Julie 1944 vind Von Stauffenberg se mislukte aanslag op Hitler plaas. Dan word ook Bonhoeffer se rol in die verzet ontdek.

In die laaste maande van die oorlog word hy heen en weer gesleep tussen die tronke en kampe van die sterwende Derde Ryk. Hitler sien sy ondergang naderkom en hy wil sy vyande daarin saamsleep. Op 5 April 1945 beveel die Führer die teregstelling van almal wat by die verzet betrokke was. Dit beteken die einde vir Dietrich Bonhoeffer, die einde wat vir hom die begin van die lewe was.

Christus sentraal

Hierdie kortgeknipte lewe het 'n rykdom van inspirerende gedagtes opgelewer. Jammer genoeg kan 'n mens nie eintlik praat van Bonhoeffer se teologie nie. Hy het nie die geleentheid gekry om tot 'n afgeronde opvatting te kom nie. Dit het slegs

fragmente en gedeeltes gebly: 'n paar onvoltooide manuskripte en 'n stroom van briewe wat hy in die gevangenis in Berlyn geskryf het.

Tog is dit wel moontlik om 'n paar lyne in sy denke raak te sien. Die eerste wat genoem moet word, is die plek wat Christus inneem. Christus staan sentraal. Die persoon van Jesus Christus, God wat mens geword het: "om Hom sirkel al Bonhoeffer se gedagtes. Onophoudelik hou een vraag hom besig: "Wie is Christus vandag vir ons?"

As jy iets van Bonhoeffer kan leer, dan is dit die volgende: die lewe van 'n Christen is 'n lewe waarin Christus sentraal staan. Dit gaan nie net daaroor dat jy Christelike teorieë en opvattings jou eie maak nie. Nee, dit gaan oor die konkrete betekenis van die persoon van Jesus Christus. Juis vanuit hierdie oortuiging het Bonhoeffer die Nazisme radikaal afgewys. Christus staan in die middelpunt. Dit beteken: Christus staan tussen my en alles in hierdie wêreld. So staan Christus ook tussen my en die volk waaraan ek behoort. Hy is altyd die Middelaar, vir wie jy nooit kan ontwyk nie.

Die byl aan die wortel van die "Duitse Christendom", was dat Hitler as die deur-God-gegewe-leier begroet is. Hitler self, die Duitse ras en volk, die Duitse bodem: dit is gesien as regstreekse openbaring van God en van sy wil. Nee, het Bonhoeffer gesê: Christus staan ook daar tussen. Hy is die Heer oor alles. Geen Führer-beginsel kan ooit daar tussen kom nie.

Navolging

Maar as Christus sentraal staan, dan beteken dit konkreet dat ek Christus moet navolg. Die ingrypendste boek van Bonhoeffer handel daaroor: *Navolging*. Die boek is die verwerking van lesings oor die Bergrede wat Bonhoeffer aan die predikantsopleiding gehou het. Bonhoeffer se studente worstel daar met die vraag of dit nie veiliger sou wees om hulle by die "Duitse Christendom" aan te pas nie. Dit het gelyk of Hitler oppermagtig was. Wat sou hulle toekoms wees as hulle hulself sou bly verzet teen die gelykskaking?

Bonhoeffer het aan hulle die weg van radikale navolging gewys. As Christus jou vra om Hom te volg, is daar nie tyd vir verskonings nie. Dan is dit

**So groot is God,
dat Hy oog het vir die allerkleinste**

- HGL Peels

tyd vir eenvoudige gehoorsaamheid: neem jou kruis op en volg Hom.

Die eerste bladsye van hierdie boek, waarin Bonhoeffer teen “goedkoop genade” waarsku, is onvergeetlik. Goedkoop genade, dit is genade wat in diens van die sonde staan: Daar is vergewing, dus jy kan maar rustig sondig. Maar genade is nie goedkoop nie. Genade is baie kosbaar, so kosbaar soos die bloed van Jesus Christus. Kosbare genade, dit is die genade waardeur jy geroep word op die weg van navolging.

Bonhoeffer onthul radikaal die meganisme van goedkoop genade. As 'n mens dit vir die eerste keer lees, skrik jy daarvan. Die evangelie van genade kan inderdaad in diens van die sonde misbruik word. So misbruik ek dit ook baie maklik. Slegs die evangelie van die kosbare genade in Christus kan my daarvan verlos. Hierdie weg van navolging wou Bonhoeffer gaan. Hy was bereid om sy loopbaan en sy lewensgeluk op te offer op die pad wat Christus hom gewys het. Juis dit maak *Navolging* so aangrypend. Bonhoeffer het hierdie boek en die inhoud met sy lewe beseël.

Die Skrif

As 'n mens *Navolging* lees, word jy getref deur die intense manier waarop Bonhoeffer met die Heilige Skrif omgegaan het. Die Bybel het baie groot betekenis vir hom gekry. Ek stel dit juis so, omdat die Bybel nie altyd dié betekenis vir hom gehad het nie, maar dat dit deur die loop van die tyd so gegroei het. Bonhoeffer het self daarvan getuig dat dit eers anders was. Hy was al lankal teoloog en hy het baie van die Bybel geweet. Maar in werklikheid het die Skrif maar min vir hom beteken. Op vyf-en-twintigjarige leeftyd het dit egter verander. Hy begin die Bybel lees asof dit die woord is wat God tot hom spreek. In 'n brief skryf hy die volgende daaroor: “Vandat ek geleer het om die Bybel so te lees, word dit elke dag wonderliker vir my.”

Baie van Bonhoeffer se geskifte getuig daarvan hoe belangrik die omgang met die Bybel vir hom was. Hy het die gewoonte gehad om daaglik te mediteer oor die dagteks van die Herrnhutter broeders. Hy het ook gepoog om hierdie gewoonte aan sy studente oor te dra. In sy briewe wat hy in

die tronk geskryf het, word dit duidelik dat hy tot die einde toe hierdie gewoonte volgehou het. In die sel het Bonhoeffer beskikking gehad oor heelwat boeke, wat hy intensief bestudeer het. Maar die Bybel het sentraal bly staan. Hy was skaars 'n jaar in die tronk toe het hy die Ou Testament alreeds twee en 'n half keer deurgelees. Hy beroep hom ook dikwels op dit wat die Bybel sê.

Tog kan ons Bonhoeffer nie sommer 'n Bybelgetroue teoloog noem nie. Hy het sy opleiding by 'n liberale skrifkritiese skool ontvang en die invloed daarvan is dikwels sigbaar. Die skrifleer van Karl Barth het ook 'n invloed op hom uitgeoefen: die Bybel is slegs getuigenisse van God se openbaring en nie God se openbaring self nie.

Bonhoeffer se verbondenheid met die Bybel is diep en in baie opsigte goed. Jy kan baie daarvan leer. Sy teologiese visie op die Bybel roep egter vrae op. Dit werk ook in die res van sy teologie deur.

Slot

Bonhoeffer het die problematiek van 'n gesekulariseerde wêreld goed raakgesien. Sy antwoorde op die problematiek het egter gebreke, juis as gevolg van sy visie op die Bybel.

Dit bly egter staan dat hy 'n teoloog was van wie ons baie kan leer. Die wyse waarop Christus by hom sentraal staan, sy intensiewe omgang met die Bybel, sy preke oor die weg van navolging, sy gaan van die weg tot aan die galg: Bonhoeffer is 'n teoloog wat jy nie meer gou sal vergeet as jy jouself met hom besig gehou het nie.

As Christus jou vra om Hom te volg, is daar nie tyd vir verskonings nie. Dan is dit tyd vir eenvoudige gehoorsaamheid: neem jou kruis op en volg Hom.

“Wie is Christus vandag vir ons?” Wat beteken dit konkreet dat die persoon van Jesus Christus in die sentrum van jou lewe staan? Wat beteken dit nou, in die een-en-twintigste eeu? Wat vra radikale navolging van ons? Dit is vrae wat Bonhoeffer se teologie nog steeds aan ons vra. Mag God ons die geloof en moed gee om antwoorde op hierdie vrae te vind.

(Seperation of sin and sinner?) Sin is intensely personal in that it manifests itself in the denial of Jesus Christ

as Master and Lord

- TR Schreiner

Hervormings in Jerusalem (Nehemia 13)

C van den Berg

Kort situatieskets

Hoofstuk 12 eindig met 'n skitterende fees: die inwyding van die nuwe mure van Jerusalem. Eintlik 'n mooi slot vir 'n boek. 'n Gelukkige einde na allerlei moeites en probleme. Die verbondsluiting in hoofstuk 10 en die fees in hoofstuk 12: jy kan jouself nie 'n mooier slot indink nie.

Maar op daardie mooi oomblikke volg nog 'n laaste hoofstuk waarin donker skaduwees val. Dit eindig met 'n bitter teleurstelling vir Nehemia persoonlik en vir elkeen wat dit lees. Na die mooi hoogtepunte volg 'n diep val. Die laaste hoofstuk toon hoe die hele lewe deur die kwaad aangetas is en roep vir hervorming tydens 'n tweede werkperiode van Nehemia.

Wat sy eerste werkperiode betref: in die twintigste regeringsjaar van Artasásta, het Nehemia Jerusalem toe gekom om daar te begin werk (sien 2:1). Hy het gebly tot die twee-en-dertigste regeringsjaar van hierdie koning (13:6). Dit was 'n periode van twaalf jaar waar daar hard gewerk is vir die stad van God en die lewe van Israel. Daarna het Nehemia na sy heer teruggekeer. Maar na 'n paar jaar vra en kry hy opnuut verlof vir 'n nuwe werkperiode in Jerusalem. Hoofstuk 13 vertel ons meer daaroor.

Hoor God se woorde en doen dit (vers 1-3)

Die hoofstuk begin met iets baie moois. In vers 1 tot 3: *“Op dié dag is daar voor die ore van die volk voorgelees uit die boek van Moses, en daarin het geskrywe gestaan dat geen Ammoniet of Moabiet tot in ewigheid in die vergadering van God mag kom nie. (...) En toe hulle die wet hoor, het hulle al die mense van gemengde bloed uit Israel afgesonder.”*

Hulle hoor God se woorde én bring dit dan in praktyk. Dit is baie mooi! Dit gebeur 'op dié dag'. Ons vind dieselfde tydsaanduiding ook aan die einde van die vorige hoofstuk; Nehemia 12:44 begin ook met: 'op dié dag'. Ek dink dat dit na

dieselfde tyd verwys: die tyd van die gebeurtenisse uit hoofstuk 12 met die feestelike inwyding van die nuwe mure. In dié dae is daar uit die Bybel gelees. Toe was Nehemia nog daar. Wat dit betref, behoort vers 1 tot 3 eintlik nog by Nehemia 12.

Na Nehemia se vertrek (vers 4-6)

Ons kry 'n oorgang by vers 4. 'n Sprong na 'n ander tyd toe. Nehemia het na twaalf jaar weer teruggekeer na sy heer. Die koning beskik uiteindelik tog oor hom en oor sy daaglikse werk. Jerusalem moet nou sonder Nehemia regkom. En hoe gaan dit sonder hom? Kry die volk dan nog goeie leiding?

Dit is hartseer, maar vers 4 toon iets heeltemal anders aan ons: *“Maar tevore het Éljásib, die priester wat oor die kamers van die huis van onse God aangestel was, 'n verwant van Tobía, vir hom 'n groot kamer ingerig...”*

Tobia is aan ons bekend vanuit die vorige hoofstukke! Hy staan in diens van Sanballat, die stadhouer van Samaria. Hy is in diens van die grootste vyand van Jerusalem (Neh. 2:10; 4:3; 6:1, 17, 18). Hy behoort ook nie by Israel nie. In Nehemia 2:10 staan dat hy 'n Ammoniet is. Hierdie naam hoor ons in vers 1 tot 3: Ammoniete en Moabiete mag nie in die gemeente van God kom nie. Dit vanweë hulle houding teenoor Israel op reis na Kanaän.

Geen Ammoniet mag aan die gemeente behoort nie; dit staan so in Deuteronomium 23:3. Die volk luister daarna, soos die begin van Nehemia 13 sê (in daardie tyd was Nehemia nog daar). 'n Bietjie verder gaan dit dan oor die Ammoniet Tobia. Hy is dan wel in die gemeente, sê vers 4. Hy woon (let wel!) in die tempel.

Geen goeie voorbeeld van voorgangers

Dit klink totaal onmoontlik! Eers word die deur van die tempel toegemaak vir die Ammoniete en 'n tydjie daarna kom daar tog 'n Ammoniet deur dieselfde deur binnetoe. Hy kry selfs 'n kamer in die tempel. Dit is pynlik. Die houding uit die eerste drie verse is weg. Die gehoorsaamheid aan die Here is weg, die trou is weg.

Wat die pynlikste is: dit is nog as gevolg van die hoëpriester se optrede ook nog. Die priester

Die tug is die hoogtepunt van die verlossing van Christus, daarom word dit ook in die Sondag 31 bely: die laaste Sondag wat nog handel oor die leer van die verlossing

- K Schilder

Éljasib (vers 4), die hoëpriester (vers 28). Hy is die man wat verantwoordelik is vir die vertrekke in God se huis. Let op dat die leier van alle priesters daar agter is; die hoogste man in Jerusalem op godsdienstige gebied. Korrupsie in die hoogste kring.

Nehemia het Sanballat en Tobia altyd buite gehou, ondanks al hul pogings om tog binne toe te probeer dring. En dan laat die hoëpriester Tobia hulle inkom. Hoekom? Hy het bande met hulle; familieverhoudings of vriendskapsbande (sien 6:17, 18). Hierdie bande het vir hom belangriker geword as geloofsbande. In die priesterkring groei daar 'n situasie waarin die HERE nie meer bó álles staan nie. Die HERE kom ná jou familie en jou vriende. En watter soort familie en vriende? 'n Vyand van God en Jerusalem!

Elkeen weet hoe moeilik dit kan wees om die regte houding teenoor mense in te neem. 'n Mens kies vinnig die pad van die minste weerstand. Daar word gou water by die wyn gegooi en 'n kompromis word vinnig gesluit. Om iewers te kom, offer jy gou sekere van jou oortuigings op. Dat ons so is...!! Ook priesters, dus voorgangers. Ampsdraers. Onderwysers... As daar één ding is wat nodig is, dan is dit 'n troue voorganger. Trou in sy diens vir God se huis. As voorgangers faal, wat kan dan verwag word van die wat volg? Wat gaan dan van die gemeente word?

Die res van die hoofstuk vertel van laasgenoemde. Oor die situasie onder die volk. Hoe Nehemia die situasie aantref as hy na soveel jare weer terugkom.

Die lewe voor God verwaarloos (vers 10-28)

- Die huis van God (vers 10-14)

Dit handel eers oor die dien van die HERE in sy huis. In vers 10 en verder lees ons daarvoor. Die tempeldiens het in 'n groot mate verdwyn. Baie Leviete het uit Jerusalem vertrek en na die platteland getrek. Wat anders kan jy doen as niemand hulle oor jou lewensonderhoud bekommer nie? Daar is nie meer gawes na Jerusalem toe gebring vir hulle nie. Dan moet jy self vir jou kos begin sorg. 'n Stuk grond buite Jerusalem vir die verbouing van die nodige daarop.

Daar is geen sangers meer in die tempel nie. Geen lied meer ter ere van God nie. Geen tempelkore,

trompetgeskal, basuingeklank nie. Geen huis van die HERE wat druis van vreugde nie. Die huis word aan sy lot oorgelaat. Hulle sorg wel vir hul eie huise, maar nie vir die huis van God nie. Hoe is dit moontlik na so 'n kort tyd?

- Die rusdag van God (vers 15-22)

Met die onderhouding van die Sabbat gaan dit ook al slegter. Ons lees vanaf vers 15 daarvoor. As Nehemia terugkeer word daar voluit op die rusdag gewerk. Deur mense uit eie kring: mense in Juda!

Ander speel vinnig daarop in. Veral die mense wat nie van God en 'n sabbat weet nie. Tiriërs word genoem en handelaars wat van buite af kom. As daar geld verdien kan word, is die handelaars baie vinnig daar. Sake doen is eerste, selfs voor God.

Die stempel met die lewe met God word uitgewis en verdwyn uit die maatskaplike lewe. Die rusdag funksioneer nie meer in die daaglikse werk nie. Dit gaan nou oor die eie beursie. Hoe is dit moontlik so kort na die mooi dae in hoofstuk 10 en 12? Dae van liefde en trou, dae van vreugde op die sabbat en die feeste van God.

- Huwelik en gesin (vers 23-28)

Die kwaad dring tot binne in die tempellewe, die maatskaplike lewe en ook in die gesinslewe. Vanaf vers 23 lees jy van gemengde huwelike. Judeërs trou met mense van buite God se volk, met al die gevolge daarvan vir die kinders. Ma leer hulle praat. Sy leer hulle die taal van Asdod, want dit is waar sy vandaan kom. Hulle het dus nooit die taal van God se volk geleer nie. Hulle hoor dus ook nooit God se woorde nie. Soos moeder, soos dogter. Soos vader, soos seun.

In Esra 9 en 10 lees ons oor dieselfde probleem van die gemengde huwelik. Dit het dus reeds baie aandag in die afgelope jare ontvang! Eers van Esra en later van Nehemia.

'n Verbond verbreek

Lees dit eers teen die agtergrond van Nehemia 10. Daar gaan dit oor 'n verbondsluiting. Die hele Israel verbind hulle aan die HERE. Dit gebeur onder eed en selfvervloeking. So verbind hulle hul aan die wet van God:

- Ons belowe: geen gemengde huwelike onder ons nie (10:30)
- Ons belowe: rus op die sabbat (10:31)

A life abandoned to Christ can not be cut short

- S Day

- Ons belowe: sorg vir die tempeldiens (10:32-39)

Vervloek is die een wat nie sy belofte nakom nie (10:29).

Waar het die trou aan hierdie beloftes gebly? Hulle het al die beloftes verbreek. Jy sou sê dit is nie moontlik nie. Hoe lank sou Nehemia weg gewees het? Tussen vyf en tien jaar? Dit kan amper nie langer wees nie, want dit het plaasgevind onder dieselfde koning Artasasta en hierdie koning het ongeveer veertig jaar geregeer.

Dat God se kinders so is: neem die grootste woorde op hul lippe en 'n tyd later vertrap hulle dieselfde woorde onder hul voete! Ook God se kinders is nie sterk nie! Ek dink aan Sondag 52 van die Heidelbergse Kategismus: “*Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie.*” Selfs Salomo (vers 26) het ten gronde gegaan as gevolg van sy gemengde huwelike. En as daar één wyse mens was, dan was dit hý - maar tog onverstandig. Die verkeerde is dat ons dink ons weet beter as God en ons wil alles self bepaal. Die gevolg is dat ons minder noukeurig omgaan met die tempellewe, die gesinslewe en die maatskaplike lewe. Elke keer 'n treëtjie verder. Beslis 'n goeie rede om ons eie lewe teen die lig van sulke woorde van God te toets! Om te sien wat moet by onself verander.

Ywer vir die terugkeer na God

Nehemia begin Jerusalem met ywer hervorm. Sy ywer is wonderlik! Dit lyk egter hopeloos wanneer die lewe met God so vinnig inmekaar sak. In elk geval - menslik gesproke. Maar wie glo, gaan staan aan God se kant en vertrou op Hom en verwag baie van Hom! As Hy iets vra, is dit moontlik. Hy is 'n God van wonders.

- *Die huis van God (vers 7-13)*

Nehemia sien dat Tobia in 'n kamer van die tempel woon, met al sy lelike invloede op die priesterkring. Nehemia is diep in sy hart geraak en baie ontsteld. Jy kan dit sien aan die manier hoe hy dinge daarna aanpak. Uít met Tobia, met ál sy besittings. Die onreine moet uit en vervolgens word alle vertrekke gereinig en weer geskik gemaak vir die tempeldiens.

Nehemia doen alles om die terugkeer na die diens

van God te verseker. Die Leviëte moet terugkom uit die omliggende dorpe: die erediens van God moet weer gestalte kry. En as die hoëpriester met sy hulp nie daarvoor sorg nie, soek Nehemia self mense uit. Betroubare mense (vers 13) om vir die Leviëte te sorg: hul werk en lewensonderhoud.

- *Die rusdag van God (vers 15-22)*

Op dieselfde manier hanteer hy ook die punt van die sabbat. Hy gaan met woord en daad teen die kwaad in. Die poorte moet betyds toegemaak word. Van die aand ses uur as die sabbat begin, tot die volgende aand. Hy stel betroubare en godvresende poortwagters aan. Dit het skynbaar ook agteruit gegaan met die poortwagters. Om toe te gee en die reëls te ontduik is die maklikste pad. Veral as voordeel daaruit trek en hulle iets in jou hand druk met die vraag of jy jou oë sal toekny.

Om jou regtig te hou aan wat God vra, verwater baie vinnig en dit is fataal. Jy gaan jou eie ondergang tegemoet. Om hierdie rede was die ballingskap tog ook daar (vers 18)?

- *Huwelik en gesin (vers 25-27)*

Die tempellewe word hervorm. Die lewe op die rusdag ook. So word die huweliks- en gesinslewe ook hervorm. Nehemia se eerste reaksie is... om 'n onderhoud te hê met die mense self en hulle daarop aan te spreek. Met daarby die nodige daade wat sy woorde bekragtig.

Te ywerig? (vers 25)

Jy bemerk 'n enorme betrokkenheid by Nehemia. Miskien dink iemand dit wat Nehemia doen is oordrewe:

- *Hy “vloek hulle”*

Hoe kan jy iemand vervloek? Is dit egter so vreemd as daar uit hulle eie mond 'n selfvervloeking geklink het en as hulle dit alles reeds jare gelede belowe het (10:29)?

- *Hy “slaan sommige van hulle”*

Uit woede? Ons hou nie meer veel van slaan nie. Maar die vraag is of dit werklik so 'n gesonde situasie is en nie 'n onderskatting van die kwaad toon nie. In die Bybel lees ons heelwat oor slaan (Spr. 10:13, 13:24 en 29:15). Tot en met veertig minus één hou, as 'n wettige straf. Miskien word dít in Nehemia 13 bedoel en dit is dan iets heeltemal

**Wie of wat ons aanbid,
bepaal ons gedrag**

- J Murray

anders as Nehemia se driftigheid.

- *Hy "pluk hulle hare uit"*

Jy doen mos nie dít nie? Ja, ons verbind dit dadelik aan 'n negatiewe houding. Maar dit is nie noodwendig so nie. In Esra 9 lees jy ook oor gemengde huwelike. Esra se reaksie self daarop (Esra 9:3): ek *'het my kleed en my mantel geskeur en van die hare van my hoof en my baard uitgepluk en verslae neergesit'*.

Daar doen iemand dit dus aan homself, as teken van rou en verdriet. Hier doen iemand dit by iemand anders. Moontlik om iemand tot rou en verdriet oor sy sondes te bring. Of om hom te laat voel hoe skandelik sy manier van lewe is (iemand se kophare afknip as teken van skande, ons lees dit in 2 Sam. 10:4, 5).

Ek dink dat ons nie te vinnig vir Nehemia op hierdie punt mag veroordeel nie. Ons moenie sy reaksie weeg volgens ons kultuur en na die maatstawwe waarmee ons meet nie. Daar is iets moois in ywer teen die kwaad. Dit leer jou om nie die kwaad as iets onbeduidends af te maak nie. Kyk maar na Salomo met sy gemengde huwelike, sê Nehemia. Hy was op die ou einde ook nie opgewasse teen al die slegte invloede wat dit met hom saamgebring het nie. En Salomo was nie die eerste die beste nie: daar was nooit 'n koning soos hy gewees nie. Ook 'n beminde van die HERE: Jedidja (2 Sam. 12:25). As daar iemand was wat die kwaad gesien en herken het, dan was dit hy. Maar ook hy was nie opgewasse daarteen nie.

Meer as Nehemia

In die huwelik en gesin klop die hart van die daaglikse lewe. Daar moet die basis gelê word vir die lewe met God. Om dan elke dag 'n ander taal te hoor as God se taal?! 'n Taal waarin jy God en sy woorde nie teëkom nie, dus 'n goddelose taal. Dit is die doodsteek vir die volk van God.

Veral as die goddelose taal God se huis indring. Die kwaad het ook in die hoëpriester se familie ingedring. 'n Kleinseun van die hoëpriester Éljasib is getroud met 'n dogter van Sanballat, die grootste vyand van Jerusalem. Dit is tog Jerusalem se doodsteek. Dit is die gevolg as jy nuwe bande aanknoop met vyande van God.

Nehemia jaag die hoëpriester se kleinseun en Sanballat se skoonseun weg uit die huis van God. Iemand wat sy beloftes aan God breek, mag geen diens doen by God nie.

Nehemia se hervormings en sy ywer vir die huis van God laat my dink aan die Here Jesus en sy tempelreiniging. Ook op so 'n manier: alles en elkeen moes voor Hom padgee. Reiniging van die huis van God .. met 'n enorme ywer (Joh. 2:17). So stel Hy sake in die tempel reg! Dit was skaars nog 'n regte gebedshuis gewees, maar eerder 'n mark.

Daar is slegs één wat die tempellewe so kan reinig dat dit groei en bly bestaan. Die Here Jesus self. Hyself is God. Hy kan ook 'n huwelik met die gesinslewe tot 'n tempellewe maak, deur met sy Gees onself tot 'n huis te maak waar Hy woon. Die Here Jesus is ook meer as Salomo. Ons het die Here Jesus nodig vir die reiniging en hervorming van ons lewe. Dit wat ons nie kan nie, kan Hy wel doen. Hy is almagtig.

Werk deur gebed gedra (vers 14, 22, 29 en 31)

Ek dink aan die vier gebede in Nehemia 13. Dit begin telkens met: *'dink aan my ...'*

Dink aan my; jy vra dit eerbiedig vir God. Dit is nie vanselfsprekend dat God dit doen nie. Jy is dit ook nie werk nie: *"ontferm U oor my na die grootheid van u goedertierenheid"* (22).

Maar wat moet ons dan dink van die verwysing na eie daade in vers 14? Ons is dit nie gewoond in ons eie gebede nie. Dit voel vir ons al baie gou soos die Fariseërs.

Ek dink egter dat dit anders is. By eie daade gaan dit oor werk vir die HERE! Werk vir die huis van God en sý stad. Nie vir eie eer nie, maar vir die Here. En dit kan jy wel aan God voorlê. Daardie werk mag nie gestop word nie, maar dit moet juis aangaan tot dit klaar is.

God moet self daarvoor sorg, want ons kan dit nie regkry nie. Israel en Nehemia kon nie toe nie en ons ewemin vandag. God moet dit self in hande neem en voltooi. Ook by die bou van die gemeente binne- en buitekant toe. By alle hervormings en verandering wat nodig is.

**The gospel is not a doctrine of the tongue,
but of life**

- J Calvin

Ons moet bid. Nehemia begin en eindig daarmee (Neh. 1:4 en 13:31). Sy hele werk word deur die gebed gedra. En dan so 'n gebed: HERE, dink aan my in u ontferming. Gee aandag aan my. Sorg vir my. Dit gaan oor U werk. Oor U naam.

Ons moet bid en werk vir 'n nuwe Jerusalem, die stad van God.

**Satan rushes men.
God leads them.**

- FB Meyer